



In die kapitalistiese staat bepaal die willekeurige beleggings van die geldbase die omvang van die volksinkome.



Die



In die gesagstaat van die volksbeweging bepaal die produktiewe arbeid van die volk sy inkome.

DERDE JAARGANG.

WOENSDAG, 26 JANUARIE 1944.

No. 10.

Verenigde Party Gooi Die Tou Op „Social Security” Nie Praktiese Politiek

In die Januarie-uitgawe van News Letter 'n blaadjie wat die Verenigde Party se maandelikse „kommentaar op politieke vraagstukke van die dag” bevat, word die vraag bespreek of „social security” praktiese politiek is. Dis 'n baie interessante verskynsel komende van die Smuts-party. En die slotsom waartoe geraak word is betekenisvol, uiters betekenisvol vir die volk van Suid-Afrika. Die Verenigde Party verklaar dat bestaansveiligheid nie te verkry is langs die weg van „social security” nie.

Die dringendste vraagstuk waarvoor die mensdom vandag te staan gekom het, is die verkryging, al dan nie, van bestaansveiligheid vir elkeen. Armoede, werkloosheid, kommer oor die dag van môre, onsekerheid oor die brood vir die oudag, slegte behuisingstoestande, slums en agterbuurtes, lae en ontoereikende lone, almal hierdie is vraagstukke wat ons wêreld tot op die randjie van die afgrond gebring het. Dis vraagstukke hierdie wat moet opgelos word as die volke van die wêreld, en o.a. ook die volk van Suid-Afrika wil voortleef en voortbestaan as selfstandige en voorspoedige gemeenskap.

Ydels beloftes

En dit is probleme hierdie wat deur die kapitalisme geskep is. Dis probleme wat eie is aan die kapitalisme en wat, met die reëlmaat van 'n klokslag keer op keer terugkeer onder die kapitalistiese stelsel, om die lydende volksmenigtes periodiek te kasty. Dis probleme hierdie wat die kapitalisme telkens belooft om op te los — beloftes, egter, wat die kapitalisme telkens verbreek. Al wat keer op keer gebeur, met 'n wrede eentonigheid, is dat die kapitaliste ryker word, en dat die volk elke keer weer 'n bietjie meer ellende ervaar.

„Sosiale Veiligheid”

Die nadraai van hierdie verskriklike oorlog wat tans woed, vervul elke vader van 'n gesin, trouens elkeen, met 'n bange vrees vir die toekoms. Almal vrees dat die draak — na-oorlogse depressie en ellende — sy kop sal uitsteek net so gou soos die oorlogsrूम bedaar het. Almal eis gevolglik toekomstige bestaansveiligheid. Altyd opportunisties, en maar alte gereed om steeds sy mantel na die wind te hang, het die kapitalisme die kreet van sosiale veiligheid, „social security”, begin aanhef. Soldate is na die oorlogfront terwyl pragtige beloftes nog luid in hul ore weerklink het, en die tuisfront het drome gedroom en gesigte gesien van 'n nuwe hemel wat na die oorlog uit die aardse ruïnes sou verrys.

Slaan rem aan

Die ekstase het oënskynlik nou ver genoeg gegaan. Die Verenigde Party begin nou rem aandraai. „Social Security” het sy doel bereik en nou moet „social security” so stadigaan nekom gedraai word. Daarom skryf News-Letter: „What we have to guard against is the feeling that by „taxing the other man” he can disgorge sufficient to secure social security for the non-taxable.” M.a.w. ons moet tog nie verwag dat die man wat te veel het 'n bietjie van sy oorvloed moet afstaan vir die man wat gebrek ly nie. O, nee, die gevaar is dat dit „will prevent accumulation of capital in private hands for further industrial expansion”. En hier lê juis die knoop vir „social security”.

Die Leemte

„Social Security” baseer sy oplossing van die kapitalisme se probleem op 'n verandering van die verdeling van die volksinkome. „Social Security” verlang doeltreffender distribusie. Dit

is so ver as wat dit gaan baie goed. Maar dit gaan nie ver genoeg nie. Al het mens 'n distribusie-stelsel wat toegespits is op volksorg, dan het mens nog lang nie genoeg nie. Wat van produksie?

Produksie

Mens moet ook die produksie toespits op volksorg. Solang as wat die produksie in die hande van kapitaliste bly, solang as wat in oorlog met die wins-motief geproduseer word, solank sal van „social security” niks kom nie. Nie alleen moet die staat sorg dat die volk se inkome op so 'n wyse verdeel word dat elkeen sy regmatige deel daarvan kry nie, maar die staat moet ook sorg dat die volk se inkome groot genoeg is om vir elkeen te kan gee volgens sy behoeftes. Wanneer dit verkry is, is die probleem van bestaansveiligheid opgelos.

Onprakties

'n Plan wat net die verdeling van die volksinkome behels en nie ook die omvang daarvan nie, d.i. die produksie nie, is hopeloos ondoeltreffend en ontoereikend. En dit erken die Verenigde Party in sy News-Letter van Januarie maand wanneer hy sê dat „Social Security” nie praktiese politiek is nie. En nou? Waar is al die mooiklinkende beloftes en die hemel op aarde wat die Verenigde Party aan sy mense voorgehou het? Die koue, naakte werklikheid is dat sosiale veiligheid, die sekuriteit van bestaan, nie onder die kapitalistiese stelsel bereik kan word nie. Daarom dat die Ossewabrandwag vergoed gebrek het met die kapitalisme.

Arbeid

Die Ossewabrandwag verlang regverdige verdeling van die volksinkome. Maar die Ossewabrandwag wil ook die omvang van die volksinkome bepaal, deur produksie te baseer op die arbeid wat daarvoor beskikbaar is, en nie op die kapitaal wat willekeurig deur geldbase daarin belê mag word nie. Die arbeid van die volk waarborg dus aan die volk 'n omvangryke inkomste, en die Ossewabrandwag waarborg die regverdige verdeling van daardie inkomste. Nooit die kapitalisme nie, maar wel die sosiaal-geïntereerde gesagstaat van die Ossewabrandwag kan bestaansveiligheid — daardie kleinood waarna die mensdom van die Twintigste Eeu soek — aan die volk van Suid-Afrika gee.

JEUGKAMPE VAN GEBIED E EN A

Hierdie maand is 'n Boerejeugkamp op Amajuba gehou onder leiding van genl. Dirk van Rooy, Boerejeugleier, wat baie goed geslaag het.

Die Boerejeug-offisiere van Gebied A, Wes-Kaapland, trek laer op Ceres op 26 Januarie vir veertien dae, ook onder leiding van genl. Van Rooy. Alle O.B.-eenhede moet hul Jeug-offisiere stuur.

Die O.B.-generaals van die Gebied sal op 4 en 5 Februarie ook daar laer-trek.

Aanrandings Op Vroue

TOESTAND WORD SORGWEKKEND

Volgens die dagbladpers se hoofverslae het die volgende gevalle van aanrandings op vroue en meisies onlangs voorgekom. Dit toon aan dat 'n gees onder dié klas van persone wat in onderstaande berigte genoem word, heers wat betoel sal moet word. Dis 'n euwel waarvan die oorsprong en oorsaak in die kommunistiese beleid van gelykstelling en aanwesigheid van 'n lae klas uitlanders ongetwyfeld gesoek moet word.

Op 11 Jan. 1944 het 'n naturelle-soldaat, Titus Shabalal in die hof, Pretoria, verskyn op aanklag van twee pogings tot verkragting. Een van die klaers is 'n dogtertjie van 15 jaar.

Op 7 Jan. is 'n dogtertjie van 11 jaar deur 'n naturel aangerand op Wonderboom.

In Durban het die voorlopige verhoor op 12 Jan. 'n aanvang geneem van 'n Britse soldaat, S. B. Smith, in verband met kriminele aanranding op 'n elfjarige dogtertjie wat die oggend na die aanranding oorlede is.

Sedert Kersaand tot 28 Desember was daar 200 gevalle van aanranding in Johannesburg.

Een van die plaaslike dagblaaie meld dat daar blykbaar gebrek aan tug by die inboorlinge in Belgiese Kongo heers. Blanke vroue en meisies word aangerand en dit neem steeds toe.

Die polisiemag, aldus die koerant is te klein om orde te handhaaf en daar word voorgestel om die leër te gebruik.

Op Germiston op 13 Januarie, het 'n naturelle-soldaat 'n kaartjiesonderzoeker op die trein aangerand. Hy is behoet.

'n Kleurlingsoldaat, Cornelius Abrahams, is op Pietermaritzburg gevonniss omdat hy 'n 70-jarige blanke vrou oor die kop en in die gesig geslaan het en haar geskop het.

Josef Phillips, 'n kleurling, is op 13 Des. ter dood veroordeel omdat hy 'n blanke meisie van 16 jaar by Houtbaai verkrag het. Twee minderjarige kleur-

linge wat ook in verband met dieselfde geval aangekla is, is elkeen tot 15 jaar dwangarbeid en slae veroordeel.

Hierdie gevalle is almal voorbeelde van 'n wellustige en roekelose gees wat deur die oorlog geskep is en wat by uitstek besit geneem het van die meer onstandvastige elemente in die samelewing. Hulle word opgesweepte tot dade van onbeskryflike losbandigheid. As gevolg van ons groot nie-blanke bevolking, wat nog heel aan die begin van beskaafdheid staan, is so 'n gees vir Suid-Afrika besonderlik onheilsaam.

Die regering behoort sy oorlogspropaganda se in te klee dat die nie-blanke se oorlogsgesdrif nie gekoop moet word met die prysgawe van die witman se beheer oor hom nie. In 'n gemengde land soos hierdie moet enige regering jaloers wees op sy reputasie om die eer van die blanke vrou ongeskonde te handhaaf. Om hierdie reputasie te handhaaf behoort die regering bereid te wees om die bedrywighede van kommunistiese agitators — al is hulle die satelliete van 'n bondgenoot — te kortwiek.

In Suid-Afrika behoort die witman op waardige wyse sy rol as voog oor die nie-blankes te vervul. 'n Vader behoort sy kinders kos op sy tyd te gee, maar insgelyks ook slae op die regte tyd.

En dan die kruiperige troetelbeleid van die regering teenoor die uitlandse soldate en die ewige deur-die-vingersienery van hul misdrywe, is 'n aanklag van swakheid teen die regering en dit strek ons land tot skande. Daar sal 'n dag kom wanneer die mense wat vandag hulle oë op onverantwoordelike wyse vir hierdie dinge sluit, bitter trane oor hierdie einste beleid sal hui. Uitlandse soldate behoort op ferme en kragtige wyse tot die besef gebring te word, dat hulle hulle in Suid-Afrika op fatsoenlike en wettige wyse moet gedra.

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u' die volmaak geurige beleë kwaliteit van droordy-tabak kry.



droordy die rypste tabak bekend.

droordy TABAK IS IN OU WYNVATE BELEË

PLUIMVEE
Die beste firma in
JOHANNESBURG
om u **PLUIMVEE, EIERS**, en ander produkte
naar te stuur is:
C. M. ELOFF en Kie. (Edms.) BEPERK.
Posbus 7185
MOREMARK, NEWTOWN

W. VOIGT (Eiens.) Ppk.
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiings-
masjinerie.**
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

**NOEM ASB. „DIE O.B.”
AS U ANTWOORD OP ADVERTENSIES**

Die Beste onder die Jongste

LEWENSGESKIEDENIS VAN	Posvry
GEN. J. B. M. HERTZOG, C. M. v. d. Heever	24/-
DIE SKENDER, Johann van der Post	8/-
WOLKE OOR DIE STAD, Mynhardt Fourie	4/10
FONTEINTJIE EK SAL NOOIT, D. Mostert	3/9
DIE VERLORE LAND, A Roodt	3/9
NIE VIR RYKDOM, T. C. Pienaar	9/9
AMPIE DIE KIND, J. van Bruggen	11/4
VLAM VAN DIE SUURVELD, D. F. Malherbe	7/6
BOERSEUN, Mikro	7/-
'N HUIS VERDEELD, Marie Linde	8/-
ONDER BEVOORREGTE MENSE, Marie Linde (Herdruk)	8/-
RIEMLANDSE NOOIENTJIE, S. Steyn	9/9
DIE GROOT VRAAG, T. C. Pienaar	5/10
DIE PAD VERDER, Elise Muller	5/10
NUWE GEBOOIE, A. L. Conradie	9/-
DELLA SE VUURPROEF, M. Boyce	7/-
PORSELEINTJIE, Regina Neser	5/10
DIE TRIOMF VAN AFRIKAANS, E. C. Pienaar	11/4
DIE MEUL DREUN EN ANDER TONEELWERKE, D. F. Malherbe	11/4
VERSKUIFDE BAKENS, Paula	6/3
KRANSKOP, DEEL I — OUPA, J. van Bruggen	7/6
MOLOISI DIE WYSE, G. Franz	5/9
AAN JANNIE, Hobsons	6/6
DIE REENBOOG IS MY MANTEL, J. de Beer	6/-
DRIE STRAATSANGERS IN DIE KONGO, J. J. Groeneweg	7/-
VUURPYLE, F. Postma	7/6
DIE WITBANDE KOM, A. Enslin	7/-
JAGKONINGS, J. von Moltke	8/-
MAASDORP SE DRIE MUSKETIERS, S. Blakemore	7/6
WATERS WAT VERBY IS, J. J. Brits	5/10
EN EK IS NOG HY, J. van Melle	5/6
BLOMDOORNS, A. du Biel	6/9
DIE HELDIN VAN KLIPSPRUIT, G. S. Nienaber	5/6
LIEFDESLOUTERING, B. Pienaar	5/9
EN NOU HOOR U, W. A. de Villiers	6/4
LANG SKADUWES, Lorraine Botha	6/4
DIE ROEPSTEM VAN LIBANON, Annette Mocke	6/4
SWERWERSPORE, D. H. van Zyl	6/-
DIE WEERWRAAK VAN KARL VOSS, R. Hendriks	5/10
IZINYANGA, J. M. Friedenthal	5/10
DIE VERBODE RYK, I. D. du Plessis	4/7
BEGEESTERING, J. van Melle	5/4

Bestel direk van:

AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL,
Sporbondkasegebou, De Villiersstraat 15,
JOHANNESBURG.

Telefoon 33-6797.

Bus 845.

DIE PARLEMENT GAAN SIT OM TE PRAAT

Ons wil aan ons lesers bekend maak, — ons voel dat ons dit verskuldig is teenoor hulle, — dat die eerste sitting van die negende parlement Saterdag, 22 Januarie, op eenvoudige dog indrukwekkende wyse sal aanvang. Ons verneem dat die openingsplegtigheid weer vanjaar van 'n heel informele aard sal wees; die weelderige skouspelagtigheid van die vredes-verlede word op gepaste wyse vervang deur die sombere eenvoud van die oorlog-hede. Daar is 'n storie in omloop — die bron is ons onbekend — dat hierdie sitting glo 'n baie belangrike een gaan wees — 'n waarlik veelseggende sitting.

Ons segsman verklaar ook verder dat iemand wat in baie noue voeling is met persone wat intieme kontakte in regeringskringe het, verklaar dat die algemene mening skyn te wees dat die allerbelangrikste en -noodsaaklikste oorlogswetgewing reeds in die afgekondigde noodregulasies vervat is en dat dit van tyd tot tyd deur die afkondiging van aanvullende regulasies op datum gehou word.

Alle ander wetgewing van enige belang sal deur die ministers aan die kouskus van die Verenigde Party bekend gemaak word, sodat regeringslede kan weet waar om te stem in die Raad.

Wetgewing van twyfelagtige belangrikheid sal aan die kouskus voorgelê word ten einde 'n algemene aanvaarde formule te kry. Die betrokke ministers sal dan die wetgewing in dier voege laat opstel.

Nadat die Verenigde Party en sy kouskus nou finaal oor al die wetgewing beslis het, sal dit voor die parlement gelê word vir bespreking. Verneem word dat die regering weer, soos in die verlede, voornemens is om die praterij maar meesal aan die opposisie oor te laat.

Iemand met informasie wat afkomstig is uit politieke kringe van die opposisie verklaar, dat die H.N.P. weer, net soos in die verlede, beslis nie baie asem gaan mors by die bespreking van die voorgestelde wetgewing nie. Intendeel die party gaan oudergewoonte die parlement gebruik as platform waarvandaan sy groot praters die Party se standpunt kan stel. Die Party meen ook om hierdie sitting te gebruik as afspringplek vir 'n landswyse propagandaveldtog.

Al hierdie dinge in aanmerking geneem is dit duidelik dat die op hande synde sitting 'n baie belangrike een gaan wees vir . . . die betrokke partye.

DIE MANNE AGTER DIE DRAAD

Dit doen die hart goed om te dink daaraan dat ons broers, wat reeds die deur van 'n Empire-tronk agter hulle hoor toeklap het, tog Kersfees saam met ons, wat die stryd nog daarbuite stry, kon vier. Mede-Afrikaners het hul lotsgemeenskap met die manne agter die draad bewys deur geskenke van allerlei aard, veral voedsel, aan hulle te stuur teneinde ons soldate in die voorste linie op Kersfeesmore te verbly.

Hoofkomdt. J. A. Zwiegelaar skryf in hierdie verband: Ons innige dank en waardering aan alle O.B.-kommandos vir hulle bydrae en hulp i.v.m. etes aan ons geïnterneerde broers. Hartelike dank aan ons geagte Gebieds-generaal en H.komdt. Van der Merwe vir hulle oorkoms; genl. Lubbe vir sy onvermoeide ywer en hulp; Koffiefontein-offisiere vir hulle opoffering; en alle ander offisiere en brandwagte wat behulpsaam was.

Een vir Almal, Almal vir Elkeen!

HERHOLDT se BOOMKWEKERIE,
Posbus 660, — Johannesburg.
Ons voorrade van Vrugtebome en Rose was vroeg uitgeput die afgelope Plant-seisoen, ons simpatiseer met die van ons kliente wie se benodigdhede ons nie kon voorsien en gee u die goeie raad om nou u bestelling te plaas vir 1944 Winterplantseisoen, u is dan seker van u getrefkoosde soorte super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid!
Sierstruik, Uittandse bome, Palms en Heiningplante beskikbaar vir Somer-Planting.
Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters. (1)

O.B.-ARBEIDSLAER- VERGADERING

Die eerste openbare vergadering van die O.B.-Arbeidslaer in Gebied A is Maandagaand, 17 deser, in Kaapstad gehou. Onder voorsitterskap van die stafhoof van die Gebied, het Hfkomdt. W. R. Laubscher, stafhoof van die Arbeidslaer, die groot en vername taak wat deur hierdie laer verrig moet word behandel.

Die vergadering was goed bygewoon en was redelik verteenwoordigend van die bedryfswere van die Skiereiland. Die doel van die vergadering was om die organisasie van die Arbeidslaer in hierdie gebied op 'n vaste voet te plaas.

Hfkomdt. Laubscher het verduidelik dat die Arbeidslaer daardie besondere wapen is wat die Ossewabrandwag vir homself smee, vir die finale vernietiging van die kapitalisme en vir die triomfantelike vestiging van ons volks-eie sosialisme.

Na afloop van die spreker se uiteensetting het die voorsittende offisier die aanwesiges geleentheid gegee om vrae te stel. Groot belangstelling en geesdrif vir die Arbeidslaer het uit hierdie bespreking geblyk. 'n Kenmerk van hierdie vergadering was die groot aantal vroue-offisiere wat aanwesig was en aktiewe belangstelling in die saak openbaar het.

Verwag word dat binnekort 'n Arbeidswagter vir hierdie gebied aangewys sal word.

Die vergadering is uiteen nadat staande en uit volle bors Die Stem van Suid-Afrika gesing is.

MELKBOSCH-STRAND

'n O.B.-vergadering by die Pawiljoen, Melkbosch-Strand, Vrydagaand, die 14de, het heelwat van die strandgaste getrek om met aandag na 'n uiteensetting van die O.B.-ideale vir 'n republikeinse gesagstaat, gevestig op nasionalisme en sosialisme, te luister. Die spreker was genl. J. de Vos, stafhoof van Organisasiehoofkwartier, vergesel van hoofkomdt. S. Kamffer, stafhoof van Wes-Kaaplandse Gebiedskwartier. Kaptein Smuts het van die Christiaan de Wet-kommando oorgekom om met die lede van sy Wag die regte O.B.-toon aan die vergadering te gee. Met hul netjiese drag en flinke optrede het hulle 'n belangrike bydrae gelewer tot die verrigtinge. 'n Verteenwoordigende aantal van strandgaste, ook uit die geleedere van die H.N.P. en Verenigde Party, het die byeenkoms bygewoon en met belangstelling alles aangehoor. O.a. was ook teenwoordig komdt. J. J. Visser van die kommando Christiaan de Wet, hoofkomdt. R. M. du Toit, sowel as veldkt. Sias du Toit van Goudini, op wie se inisiatief die vergadering eintlik gereël is. 'n Boerejeug-koortjie is saamgestel en het opgetree onder leiding van komdt. Van der Merwe van die Boerejeug, Malmesbury. Onder voorsitterskap van komdt. C. J. Basson van Malmesbury het alles vlot van stapel geloop en is die toespraak met groot geesdrif ontvang. Na die afloop is tee bedien deur die eienaars van die kafec, mnr. en mev. Van der Merwe en die opbrengs van 'n vrywillige insameling aan die O.B.-Noodhulpfonds geskenk.

**ONDERSTEUN U BLAD DEUR
U ADVERTEERERS TE
ONDERSTEUN**

DE KOCK se GARAGES

Font 110 Voortrekkerstraat, **Font 16** Herefordstraat,
MIDDELBURG, **GROBLERSDAL,**
Transvaal. Transvaal.

Eienaar: **D. D. DE KOCK**
Agente vtr Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

DIE AMAJUBA KANTATE

Die simboliese kantate hier aangebied beliggaam 'n deel van die Amajuba-geskiedenis en is opgestel vir gebruik op Vryheidsdag, wat hierdie jaar op Saterdag, 26 Februarie, gevier sal word. (Sien Die O.B. van die 19de vir die program, waarin ook uitvoering van hierdie kantate voorgeskryf word.)

Waar moontlik moet kommando's onmiddellik begin om deelnemers te vind en af te rig.

Dit kan heel eenvoudig gedoen word deur persone aan te wys om die verskillende rolle te vereenk deur dit voor te lees, indien 'n meer afgerigte uitvoering onmoontlik is. So kan waar nodig vir die rol van die Spreekkoor, Amajuba en al die ander, 'n enkel persoon of selfs deurgaans dieselfde persoon optree, indien geskikte deelnemers moeilik te bekom is.

Op 8 Desember 1880 was daar op Paardekraal seker een van die merkwaardigste byeenkomste in die geskiedenis van Transvaal en van ons volk. Die omstandighede was heel besonder. Onder die roof-anneksasie van Transvaal is vergaderings belet asook die hou van 'n eie volkstemming. Oom Paul en sy ondersteuners het die verbod met minagting opsy geveeg.

Die uitslag van die volkstemming was 'n vernietigende antwoord op die bewering dat die meerderheid van die bevolking ten gunste van die vreemde bewind was. Op 13 Desember is die onafhanklikheid van die Republiek aldaar met trots aan die wêreld verklaar en op 16 Desember het besmoontlik nog die belangrikste stap op Heideveld gevolg: die proklamasie van 'n gesagsvorm van regering onder die driemanskap Pretorius, Joubert en Kruger. Hierdie gebeurtenis stuur eindelijk op die onvergeetlike Amajuba af, wat dit triomfantlik afsluit. Daar, op 27 Februarie 1881 is die vryheid herower. Sal ons in die kringloop van die geskiedenis dan nie weer soiets belewe nie?

Amajuba word in hierdie stuk voorgestel as 'n figuur wat die volkswil tot volkome onafhanklike vryheid versinnebeeld. Gebore, net soos die volk, uit Afrikaanse grond, roep hy ons tot die stryd en vestig hy op elke gesette tyd ons aandag op 'n volksleier — sy verteenwoordiger.

Die Amajubafiguur verpersoonlik verder daardie onstuitbare volksdrang tot selfgelding wat bevredig moet en sal word. So word hy dan ook in die eerste koorspraak voorgestel. Ná die koor hom ge-akklameer het verskyn die eerste volksleier, president Kruger. Amajuba kom hierna weer op die toneel waarop die Kommandant-generaal optree.

PAARDEKRAAL, DESEMBER 1880.

Spreekkoor:

Uit donkertes van tyd verby
na donkertes wat voorlê
verry hy uit die vlaktes op,
hy wat uit die vlaktes kom,
hy die Gestalte, Reusegees;
hy die Wagter, hy die Pagter
van 'n jonggebore volk, nuut verry
uit Afrikaanse grond, soos die walvisrug
die seeskum breek en die water ploeg,
stadig, magtig, krag onmeetbaar;
blind, onbewus, ontembaar;
So ook die Wagter wat hom in die
wolkedieptes hou en oor sy vlaktes
met bliksemkyk sy donderstem
gebiedend uitstort; hy Amajuba, hy
die Volkswil, praat:

Amajuba:

Waar is my vegters en hul vroue trou,
waar my volk, my roem, my krag?
Ontwaak! Ek roep jul, wees juis!
Dit is die strydrop wat hier klink.
'n Vreemde vlag waai oor die land,
maar oor die volk nie, dit sal hy nooit!
Sal ons prysgee en verbeur
Bestaan en Land en Vrywees?
Verloën ons Vaders, ons siel versmoor?
Staan op my Burgers, sluit jul linies
en stormja op die wat indring af.
Veeg al wat rower is meedoënloos weg,
maak onskadelik wat skadelik mag wees of is;
wat onkruid of wat vyand is, roei uit!
Nóg noods-kree, smeek of vleitaal bang
en dreigement nóg minder sal ons stuit.
Veeg skoon die land soos haelbui en
stormreën alleen die blaarloos boom en
hoorbaar nadrup laat; veeg skoon!
Die uur van straf en wraak is hier.
Ek roep jul tot die stryd my volk!
Geen man wat man, geen vrou wat vrou is
sal talm, maar met gestaalde durf my,
my die Volkswil — jul sal my ook Amajuba noem —
dien of sterf. Ek gebied! My stem sal
in elke troue hart se weerklank klop.
'n Man tot Volksleier wys ek hier aan,
'n Man van ysterwil, gesag en hoogste eor —
die grootste hier na my, my gesant!
Hom sal jul volg, sy boodskap dra,
sy stem gehoorsaam en wee die wat hom
strafbaar maak aan dwarstrek, teëpraat of
versuim. Ek het gesê: „Laat my wens geskied!

Ruk op jul stryders! Opruk!
Die pad lê voor ons oop, die vyand daar,
en jy, o opgehoopde stroom, breek los
en veer ons mee. Mag God jou stuur!

Spreekkoor:

Heil Amajuba! Heil die Volkswil! Heil!
Ons buig ons voor u en aanvaar
u gesant, gesalfde en gesagsman groot!

Die Volksteier — Paul Kruger:

Medeburgers, Volksgenote, Oproermakers
teen haar Majesteitsgesag. So word ons
genoem deur hul wat teen ons oproer stook.
Dit stem tot skaamte en tot droefheid dat
'n volk so laag kan sak om roof te pleeg
en dan vermetel die geroofde tot valse trou gebied.
Gee my u aandag. Hoor my woord:
Laat geen twyfel, wanbegrip of misverstand,
my oortuigings diep verdubbelsinnig.
Volk van landbouers, hier deur Gods-
wonderwerk verplant, deur doodsvalei gevoer
tot nasiegrootheid; verjaag, vervolg,
verplunder, omring deur vyand, Blanke en
Barbaar. Volg na ons spoor; u vind ons
nooit die Buiters, maar altyd die Gebuite,
die Ontroofde, veel meer deur blanke lis as
wrede inboorling. Ons rigsnor is die Woord:
vervloek is hy wat die landpale van sy
naaste verraderlik versit! Laat God sy oordeel
spreek en die vreemde rower straf.
Sal vreemdes hier ons staar regeer?
Skud af die juk en sny die halterstrop wat
eenmaal om die nek, alleen die voete vry en
onafhanklik laat om lug te trap.
Volkstemming is gehou teen onheilige verbod
en volksvergadering hou ons nou om met
veragting van ons af te werp die vreemde
dwinglandy, en weer op hierdie dag ons Vryheid te
verkondig. Gesag, o veel misbruikte woord,
hoelank sal onreg in jou naam regeer?
God het duister dae oor ons volk gebring
opdat ons die Vryheid sal leer ken, vryheid
op Gods gesag en die vrye volkswil wat sy
Godgegewe leier daartoe kies en volg.
Laat hierdie Vryheidsdag tot in die verste
nageslag 'n Godsdaad en 'n Volksdaad breed
verkondig. Die Heer is hier teenwoordig,
al breek die swaarste onweerswolk —
Ons sal voortbestaan en bly — 'n Volk!
Laat ons hom loof met dankgesang.

(Koor sing nou Psalm 25.)

MAART 1881 — NA DIE SLAG.)

Amajuba:

Ek kom jul my burgers, vegters, stryders,
en jy my leidsman trou, my dank,
my lof, my blydschap bring, die
vyand is verslaan, ons vryheid is herwin.
Die volksgees in sy stroming sterk sal so
sy pad deur hindernisse baan.
Die Afrikaanse tagtigjarige oorlog is
voleind, maar die stryd nog nie beëindig!
Ons het die slag gewin nog nie die kryg, —
die Luislang omring van Suide, Oos en
Noorde ons bestaan en onafhanklikheid.
Hy sal hom roer en listig weer
sy voue nouer trek; wees gewaarsku, staan
Brandwag pal en voordat die aanval kom,
Val aan! Ons mag die slag maar nooit
die stryd verloor, al duur dit nog 'n tagtig jaar.
Ons kan en het oorwin en weer sal ons
oorwin — voor nog 'n tagtig jaar. Die Volkstroom
het sy gang. Geen vyand nóg so sterk,
of gevare nóg so groot of dit sal wyk
voor vasberade durf, hoogste reg en trou.
Ek Amajuba, wat waghou op my trou
wys op elk gesette tyd die volk sy leidsman aan.
Volg hom! Volg my! Dien hom! Dien my! en
dien geheel die volk. Wees sterk, hou koers!
Ek Amajuba, ek die Volkswil het gepraat —
Laat elk gehoor gee; laat my wens geskied!

Spreekkoor:

Heil die Volkswil! Heil Amajuba! Heil!
Amajuba is die slagkreet. Amajuba is die Magkreet!
Heil gesalfde, ons gesags- en leidsman sterk!
Amajuba! Amajuba! Amajuba!

Die Teenswoordige Volksleier — Kommandant-Generaal 1943:

Van Bloubergstrand tot Bloedrivier
van daar na Perdekraal en deur
Amajuba en Vereeniging tot nou.
Die Leeftyd van twee grysaards —
sien daar ons dubbele tagtigjarige stryd —
roem van groot Nederland verduidel.
Ons nader haas die tweede tagtig-
tydperk send en staan nou voor 'n tweede
Perdekraal en sal, so God ons help,
die stryd beëindig met Amajuba Twee.
Groter was nog nooit gevaar of donkerder
ons nag. Maar Bloedrivier se wonder
en Amajuba, geveleude woord, versinnebeeld
die seë wat moed en durf gaan bring.
Aan my is leierskap, gesag vertrou.

Volg my op die strydig, Afrikaanse
slingepad van Bloubergstrand tot Amajuba Twee!
Die smartlik weg waarlangs die seëtog trek.
Daar is vooruitgang, goelwoord van baie, op
ons volkstrekpad, maar driesoortig die manier
van tredhou; vooraan, langsaan en agteraan!
Daar is die wat langsaan losloop, toeskouers
wat altyd hardste skree; dan die wat vooraf
slentervolg en meen hul hou die leisers,
maar dis die stringe wat hul traagheid sleep
en ons eie gang vertraag; maar daar is die wat
in gelid marsjeer, die volkswa trek,
en die wat pad baan voor, die leiers
wat die lig volg. Eén doel, één trou, één Volk!
Ons dooies slaap nie, ons offers sterf nie.
Niks gebeur om niks nie: Alles vir almal.
Almal vir elk. Ons land, ons volk, ons God!
Maar laat hom praat, die grootste en die
grootste onder ons gewees, my voorganger,
Gesagsman, Volksman, Staatsman, Leier;
„Hier,” spreek hy, „Hier, geen dwinglandy,
hier geen vreemde heerskappy,
val vry, felle bliksemknag,
bo-op Amajuba brand 'n lig!”
Amajubagees herleef; die volkswil seëvier, Komaan!

Spreekkoor:

„Ek hou van 'n man wat sy man kan staan;
ek hou van 'n arm wat 'n slag kan slaan;
'n oog wat nie wyk,
wat 'n bars kan kyk;
en 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan!

Vas soos 'n berg van grou graniet
op vaderlands-grond sy hartsgebied,
aan haar getrou
soos aan kind en vrou,
en wat in haar ere ook syne siet!

Ek hou van 'n man wat sy Moeder eer
in die taal uit haar vrome mond geleer,
en die bastergeslag
in sy siel verag,
wat, haar verstorrend, hulself kleiner.

Die oog wil ek sien wat 'n traan nog ween
vir 'n heldegeslag, in hul rus daarheen,
maar 'n blits van trou
wat aan haar liefde weer gee, wat haar bron is ont-
leen.

Vir my d' Afrikaner van durf en daad,
wat Mammons eer en loon versmaad,
sy hoof en sy hand
vir sy volk en sy land
en 'n trap van sy voet vir laag verraad!”

SLOT:—

Ons wat die daeraad sal sien
vergeet nie wat in die nag
geval het. Ons wat die poort sal
deurgaan, gedenk die wat langs
die pad beswyk het. Die tog het ons
tesame meegemaak, maar almal tesaam kan
helaas die eindtriumf nie smaak.
Gedenk hul en wees sterk.
Nimmer gaan ons nasie onder
as ons in gedagtenis hou
al die adel, al die wonder
van sy manmoed en trou.
Gedenk ons Hollandse Volksplanters,
gedenk ons Hugenote Geloofsvaders,
gedenk ons Duitse Voortbouers,
gedenk ons helde-leiers en helde-lyders,
gedenk getroue dienskneg, die os, die wa,
gedenk die voortrek en bring hulde;
Iede almal van Afrikaanse Pantheon:

1. Paul Kruger — Staatspresident.
2. Piet Retief — Voortrekkerleier.
3. Andries Pretorius — Held van Bloedrivier.
4. Carel Celliers — Die Geloofsheld.
5. Komdt. Danie Theron — Die Baas-Verkenner.
6. Genl. Christiaan de Wet — Die Guerrilla-leier.
7. Genl. Christiaan Beyers — Held uit die Tweede Vryheidsoorlog en die Rebelle.
8. Genl. Manie Maritz — Held uit die Tweede Vryheidsoorlog en die Rebelle.
9. Frederick Bezuidenhout van Slatersnek.
10. Komdt.-genl. Piet Joubert — Held van Amajuba.
11. President Marthinus Theunis Steyn — van die O.V.S. en held van die Tweede Vryheidsoorlog.
12. Genl. J. B. M. Hertzog — die Volksman en held uit die Tweede Vryheidsoorlog.
13. Gideon Scheepers — Held uit die Tweede Vryheidsoorlog.
14. Jopie Fourie — Held van die Rebelle.
15. Genl. Koos de la Rey — Held van die Rebelle.
16. Genl. Wynand Malan — Held uit die Tweede Vryheidsoorlog.
17. Dickie Uys en Japie Greyling — kinderhelde.

Koor:

Heil die Volkswil! Heil Gesagsman! K.G.-Leier:
Amajuba is die slagwoord! Amajuba is die Magwoord!
Amajuba! Amajuba!! Amajuba!!!

Die Werker

In enige kapitalistiese samelewing tref 'n mens die snobisme aan. Soms doen hy hom voor in sy uiterste vorm. Dan vind mens dat die ryke die arme openlik verag, of, dat die „slim geleerde” man neersien op die hande- arbeider. 'n Meer subtiele vorm van snobisme tree te voorskyn wanneer iemand „neerdaal” om 'n minderbevoorregte te help. Ag, en die persoon wat neerdaal is tog altyd so tevrede met homself en hy kan gewoonlik nie genoeg die lof van sy eie daad besing nie.

'n Baie goeie voorbeeld van hierdie laasgenoemde soort snobisme tref 'n mens aan by ryk en ledige dames in stede wat „uit die goedheid van hul hart” hulleself wy aan die „arme minderbevoorregtes”. Sulke dames is ook gewoonlik baie gesteld op die erkenning van die „edele” werk wat hulle doen.

Die gevolg van hierdie snobisme is dat daar 'n sosiale kloof in die samelewing ontstaan. Daar ontstaan klasse. Mens kry die hoë lui en hulle kruipgevolg. Teenoor hulle is daar die „minderbevoorregtes” of die „werkers”. „Werker” is 'n kapitalistiese woord wat iemand van 'n minderwaardige sosiale stand moet aandui.

Maar, Goddank, vandag reeds sien ons dat hierdie kapitalistiese skeldwoord deur die volksbeweging en die volkstaat tot ere naam verhef word.

Net soos die kapitalisme 'n stigma van minderwaardigheid aan die „werker” wil laat kleef, netso wil hy ook die werkersorganisasies stigmatiseer. Hy wil maar alte graag die werker en sy organisasies in die kombuis hou, en dit as hulle plek aandui. Die „werker” moet 'n minderwaardigheidsgevoel ontwikkel, sodat die kapitalisme hom na hartelus kan uitbuit.

Die Ossewabrandwag wil 'n volkstaat hê waarin daar geen klasse bestaan, en geen klasse-onderskeid is nie, maar waar elkeen 'n werker is in belang van die volk as geheel. Vir die volksbeweging is werker 'n ere naam wat iemand aandui wat sy plig getrou nakom teenoor sy volk en sy vaderland.

Vir die Ossewabrandwag behoort die werker en sy organisasie nie in die kombuis nie, maar omdat al die lede van die volk werkers is en hulleself as volkslede uitspreek deur hulle werkersorganisasies, word laasgenoemde verhef tot nasionale liggeme en met bestuurlike funksies beklee.

Ons is midde-in die Rewolusie van die Twintigste Eeu; ons staan op die drempel wat na die nuwe bedeling lei. Die oue laat ons agter en die nuwe lê voor ons. Ons laat die ou snobistiese en kapitalistiese begrip van „werker” vir ewig agter ons, omdat ons daardie uitgebuite persoon wat die kapitalisme werker genoem het vir ewig agterlaat. Ons gaan die nuwe bedeling in, waar almal werkers sal wees in belang van die volk as geheel.

Een vir Almal, en Almal vir Elkeen.

Min of Meer Belangrik

Volk se Voedsel lê en vergaan

Ons land het verlede jaar so 'n tekort aan mielies gehad dat die huisvrou o.a. van owerheidsweë die verpligting opgelê was om geëmieliepap vir haar gesin voor te sit. Melk- en pluimveeboere moes hul koeie en hoenders na die slagpale stuur weens die tekort aan voer. Die mielie-oes was egter besonder goed en sake het weer rooskleurig begin lyk. Maar vandag — ses maande na die oes — word die treinreisiger getref deur duisende sakke mielies wat oral in die mieliestreek op klein stasietjies opgehoop lê in vergaande sakke. Na skatting is reeds meer as 'n miljoen sakke mielies van verlede jaar se oes deur die reën en weer vernietig.

Van owerheidsweë word o.a. as verskoning aangevoer dat daar 'n tekort aan trokke is. 'n Paar maande gelede het die Minister van Spoorweë daarop geroem dat Suid-Afrika die Empire-leërs in die Ooste van steenkool voorsien, d.w.s. dat ons Regering honderde trokke gebruik om steenkool na die hawes aan te voer ter bevordering van Engeland se uitlewering van Europa aan die Bolsjewisme. Om hierdie ideaal te verwesenlik onderneem Suid-Afrika om sy eie sake so te verwaarloos dat hy op gelyke voet met Brits-Indië 'n pantiement in hongersnood sal bydra tot hierdie „grootse poging”.

Ingenieurs bestuur vragmotors

As 'n oorsaak vir die tekort aan spoorwegtrokke en lokomotiewe het die Minister van Spoorweë onlangs die feit genoem dat honderde lede van die Spoorweë se werktuigkundige personeel op oorlogsdienste is. Daar het egter aan die lig gekom dat die Militêre owerheid oor so 'n oorvloed van werktuigkundiges beskik dat sommige van hierdie manne in die leër verplig geword is om vragmotors te bestuur in plaas van hul tegniese werk te doen. Dit blyk ook dat daar op uiters kwistige wyse van hierdie mense gebruik gemaak word. Op plekke waar daar slegs vier pompe in gebruik is, word 'n werktuigkundige personeel van agt aangehou — en dit glad nie naby die oorlogfront nie waar plaasvervanging miskien deur ongevalle genoodsaak kan word.

Britse berigte maak ook melding van die groot aantal Suid-Afrikaanse ingenieurs wat in Italië vir die Britte behulpsaam is op die spoorweë naby die oorlogfront.

Agter die Titels

Die invloed van Engelse aristokratiese families word dikwels verberg agter 'n reeks titels waaragter die man skuil; b.v. die Hon. Edward Wood, Minister van Landbou in 1924, en Lord Irwin, Onder-koning van Indië in 1926, en Viscount Halifax, huidige Engelse Ambassadeur in Washington, is een en dieselfde man.

Om die invloed te kan nagaan van b.v. die Engelse aristokratiese geslag van die Cecils, moet, behalwe dié wat die naam Cecil dra, die draers van die volgende titels in aanmerking kom:

Burggraaf Cranborne, Markies van Salisbury, Lord Burghley, Markies van Exeter, Lord Amherst, Burggraaf Cecil van Chelwood.

'n Goeie Betrekking

Die geskatte inkomste van die Hertog van Westminster voor die oorlog was £900,000 per jaar.

Is Dit Nodig?

Daar word gesê dat een van die groot hertoë van Engeland £12,000 per jaar spandeer om sy groot „country house” aan die gang te hou, al slaap hy of sy gaste daar nie een nag nie, of geniet hulle daar nie een mondvol kos nie.

'n Moeilike Bondgenoot En Twee Sensasies

(a) Russies-Poolse Betrekkinge.

Die wêreld het gedurende die afgelope week twee sensasies beleef. Vir albei is Moskou verantwoordelik. Die een is die skerpe Russiese verwerping van die antwoord van die sogenaamde Poolse regering in Londen. Hierdie Poolse antwoord gaan oor die grenskwessie tussen Pole en Rusland en is in raadpleging met die regerings in Washington en Londen opgestel.

Hierdie Russiese antwoord is dus sonder twyfel „'n klap in die gesig” nie alleen van Pole nie, maar ook van Amerika en Brittanje. Sels 'n poging van Washington om tussen Pole en Rusland te bemiddel, het nog tot geen sukses gevoer nie. Die Russe gaan blykbaar uit van die standpunt dat die sogenaamde Poolse regering in Londen niks anders as 'n Anglo-Saksiese skepping en derhalwe ook werktuig in die hande van Londen en Washington is nie. Dit is waarskynlik dat die Russe daaraan dink om 'n Poolse regering van hul eie maaksel in Moskou daar te stel.

By 'n bespreking van die huidige Poolse vraagstuk is dit noodsaaklik dat 'n paar gedagtes daarvoor weer eens geformuleer word.

1. Die Pole van 1 September 1939 het grondgebied en bevolkingselemente bevat waarop hy geen reg gehad het nie en wat hy alleen kon inpalm ten koste van Rusland, Duitsland en Oostenryk omdat hierdie lande, as gevolg van die eerste Wêreldoorlog, nie in staat was om hulle destyds daarteen te verset nie. Die Pole van 1 September 1939 was 'n produk van die magpolitiek van Versailles en kon alleen staande bly solang die traktaat van Versailles staande gebly het.

2. Die Pole leef nog altyd in hul land Pole en nie in Brittanje of Rusland nie en 'n sogenaamde Poolse regering in Londen of Moskou is nie deur die Poolse volk gekies of aangestel nie en het ook geen mandaat van die Poolse volk ontvang nie.

Hierdie emigrante-regerings sonder land wat in Londen of waar ook setel, word veel te ernstig opgeneem.

3. Die huidige wêreldoorlog het sy onmiddellike ontstaan in die Brits-Franse waarborg aan Pole gehad. Die jongste Russiese optrede insake Pole het geen agting vir hierdie waarborg aan die dag gelê nie. Vandaar die pynlike verleentheid van Londen en Washington.

(b) Beweerde Brits-Duitsa Vredesonderhandelinge.

Gelyktydig met die Russiese verwerping van die Poolse antwoord het die Moskouse koerant Prawda, wat „waarheid” beteken, 'n tweede sensasie gelewer. Hierdie koerant het naamlik 'n berig uit Kaïro wêreldkundig gemaak waarvolgens onderhandelinge vir 'n aparte vrede tussen „twee vooraanstaande Engelse persoonlikhede” en Von Ribbentrop, Duitse minister van buitelandse sake, gevoer sou word. Hierdie berig is dadelik in Londen en Berlyn ontken maar hiermee is die hele sensasie nog nie uit die wêreld nie. 'n Koerant soos die Prawda wat 'n offisiële stempel dra, kom nie met goedgekoop sensasies voor die dag sonder om 'n doel daarmee te hê nie. Daar het dus in verband met Rusland en sy bondgenote 'n hele boel vraagtekens ontstaan wat nie almal so maklik uit die weg geruim kan word nie.

Die belangrikste vraag in verband met hierdie saak is: Waarom het die Russe so kort na die konferensies van Moskou en Teheran, waar dit alles so kollegiaal en broederlik sou toegegaan het, nie alleen toegelaat nie maar sels publisiteit verleen aan sake wat slegs steurend en stremmend op bondgenootskaplike betrekkinge kon ingewerk het? Beskou die Russe hulle politieke en militêre posisie so sterk dat hulle dit kan bekostig om sels die eie bondgenote te vervreem? Of beskou hulle 'n dergelike vervreemding onwaarskynlik met die oog op Brits-Amerikaanse afhanklikheid van Russiese goed- en bloedoffers? Of is hierdie trappery op die tone van bondgenote maar 'n Bolsjewistiese gebaar van erkentlikheid vir al die hulp wat Rusland in die huidige oorlog van sy bondgenote ontvang het? Of is hierdie foutspekery en foutvindery maar Sta-

lin se manier van doen ten einde die opening van 'n tweede front te bespoedig of ander vorme van Brits-Amerikaanse hulpverlening te bewerkstellig? Wat die antwoorde op hierdie en dergelike vrae ook al mag wees, een ding is seker en dit is dat al die roerende eensgesindheid en bondgenootskaplike soetsappigheid, waarvan die konferensies van Moskou en Teheran sou getuig het, maar net so veel twak is. Die verhouding tussen bondgenote word deur eie belange en nie deur soetsappige konferensie-rapporte bepaal nie. Dit is 'n baie ou waarheid wat nog altyd geldig is.

Vergadering

'n PUBLIEKE VERGADERING word gehou in die STADSAAL

te CERES

op Saterdag, 5 Febr. '44 om 8 n.m.

Spreeker:

Adjunk-Komdt.-Generaal J. A. SMITH

TABBERDS!

GEBLOMDE KATOEN Pragtige Modelle en Kleure by

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMESMODISTE

Skryf aan Posbus 909 Pretoria vir u benodig-hede en vir

diens Brandwagte!

DAAR IS MAAR 'N BEPERKTE HOEVEELHEID OOR

Silwerpleet Kommetjies

DIENLIK AS 'N SUIKERPOT —

6/-elk. Posgeld 6d.

Sleutel-Kettings

'N DIENLIKE EEU-PEESAANDLNKING

1/6 elk.

Posgeld 2d.

Uniewinkel

Kerkstraat PRETORIA Bona, Vereeniging, Johannesburg, Kaapstad.

Die Vyand In Ons Midde Moet Vernietig Word

Dat die Ossewabrandwag gekom het om in die mees akuele behoeftes van ons volk te voorsien, en dat die oorwinning van die Volksbeweging die oplossing van die volk se dringendste vraagstukke sal beteken, dit weet elke brandwag en daarom is geen offer te groot om te bring vir die finale triomf van ons stryd nie.

Dit is verblydend om te weet dat meer en meer mense begin verstaan en besef dat die Ossewabrandwag geroep is om 'n besondere taak te vervul in hierdie heel besondere tye waarin ons tans leef.

Dit is eweseer betekenisvol dat daar dikwels uit onverwagte oord bevestiging kom van die beleid van die Ossewabrandwag. Soms selfs onbewuste bevestiging.

Onderstaande is uittreksels uit 'n lang artikel, in Engels opgestel, deur 'n Engelssprekende werker by 'n groot industriële onderneming in ons land. Die engelse blaai aan wie hy die artikel vir publikasie gestuur het wou dit nie plaas nie. Op onregstreekse wyse het dit ons bereik en omdat hierdie werker, heeltemal selfstandig en onafhanklik, die O.B.-standpunt so pertinent vertolk het, publiseer ons hierdie uittreksels. ...

Maatskaplike Wantoestande

„Wanneer Suid-Afrika weer eendag terugkeer tot vredestoestande . . . dan sal daar op spontane wyse 'n vyand in ons midde verrys, wat ons sal beroof van die vrede waarna ons so hartstogtelik verlang. Hierdie vyand is maatskaplike wantoestande wat alreeds ver ontwikkel het en homself openbaar by wyse van werkloosheid, armoede, hongersnood, siekte, slumtoestande en misdaad. Dit sal aangroei tot 'n geweldige omvang en sal onverbidlik heers as ons nie noual planne beraam om dit te verhoed nie.

Werkloosheid.

„Oorlogsproduksie is tans in volle swang. Maar wanneer vrede gesluit word, sal hierdie fabriek tot stilstand kom, en dan sal duisende en duisende soldate sowel as burgerlikes die strate stoftrap in 'n vergeefse poging om werk te vind onder vredestoestande. Alreeds vandag al het die staatshoofde te staan gekom voor 'n ernstige dilemma: alreeds vandag al kan net met die uiterste kraginspanning werk gevind word vir ons teruggekeerde soldate hy die ontslag depôts. En hierdie teruggekeerde soldate raak reeds al ongeduldig en vies vir die halfslagtige wyse waarop reëlins getref word vir hulle heropname in die burgerlike lewe. Ernstig soos ons probleme vandag is, kan en sal dit alleen opgelos word by wyse van noukeurige beplanning.

Volle Indiensneming

„Ons moet sonder uitstel, koördinasie en beplanning aanpak, teneinde ons oorlogsproduksie om te skep tot 'n vredesproduksie. Wanneer die oorlog oor is, moet ons die een in die ander laat opgaan om sodoende elke individu — burgerlike of soldaat — van 'n eerbare werkkring met ordentlike bestaansmoontlikhede te voorsien.

„Werk, Vryheid, en Veiligheid kan ons verkry, as ons dit net werklik wil hê.

„Voor die oorlog het Suid-Afrika £2,000,000 per jaar aan verdediging uitgegee en ongeveer £40,000,000 vir ander nasionale behoeftes. Hierdie jaar het ons alreeds 'n £100,000,000 aan verdediging alleen spandeer.

„As ons hierdie kolossale bedrag kan uitgee vir die vernietiging van die vyand buitekant ons grense, dan kan ons on behoort ons al ons rykdom aan te wend vir die vernietiging van ons gevaarlikste vyand, wat binnekant ons eie grense woon.

„Ons moet die taak van Positiewe Sosiale Rekonstruksie aanvaar as een van Nasionale Belang.

Die Inspanning van Pioniers

„Die geskiedenis leer ons dat die pioniers wat nuwe lande vir die beskawing geopen het nie gefinansier was met miljoene ponde nie. Die nood het in die meeste gevalle leer bidde, en ten spyte van die gevaarlikste en die mees afskrikwekkende toestande het hulle tog daarin geslaag om met taai volharding, kraginspanning en vasberadenheid nuwe toestande te skep en nuwe tuistes vir hulself te bou.

„Ons moet die pioniers wees van 'n nuwe Sosiale Orde, teneinde vir ons en ons kinders toestande te skep wat geluk en veiligheid sal meebring.

„Ons is te geneig om in terme van geld te dink. Dit is nie geld wat die sukses van 'n handeling, 'n aktiwiteit,

bepaal nie, maar wel die inspanning waarmee daardie handeling gelaai word. Inspanning (arbeid) is die dominerende faktor, nie geld nie; geld is maar 'n maatstaf.

„Dit is 'n bekende feit dat geld volop is in oorlogstyd, want die oorlogspoging vereis soveel inspanning. In depressie-tye ontstaan werkloosheid, baie min geld is beskikbaar weens die gebrek aan werkseleenthede en inspanning.

„Werk is die groot wet van die natuur. Dit bly net so waar van die grootste liggame as van die kleinste. Die natuurproses is 'n arbeidsproses — van skepping en van groei.

Genoeg vir Almal

„Op aarde is daar geen tekort nie, geen beperkings nie, maar intendeel onbeperkte oorvloed. Nog nooit kon die mens genoeg neem, van die dinge wat ou moeder aarde het om aan te bied, om haar hande leeg te maak nie. Dit alles is 'n bewys van die enorme bronne en die vrygewigheid van die natuur. Maar ten spyte van alles reageer ons nie op hierdie uitnodiging nie, en skyn dit werklik asof ons onmagtig is om daardie euwel van gebrek in ons daaglikse lewe te bekamp.

„Daar is so ontsaglik veel om te doen . . .

„Ons het ons uiterste kragte ingespan, en ons doen dit nog steeds, om die oorlog te wen. Waarom kan ons nie hierdie kraginspanning in vredes tyd voortsit nie? Dan kan ons 'n sosiale orde tot stand bring waarin ons werklik Vrede en Veiligheid kan geniet, sonder die vrees aan gebrek; en waarin elkeen kan ontvang van die geriewe en vermaaklikhede wat die lewe ruimskots besit om aan elkeen te bied.”

'N DRIELING

Komdt. en mev. Frans van Niekerk van Tempelhof, Picksburg, het die Ossewabrandwag en daarmee die Boerevolk verlede Donderdag verryk met 'n drieling — almal dogters. Na berig word het die drie saam iets meer as tien pond geweeg. Die hoofkwartier van Gebied C wil deur middel van Die O.B. die ouerpaar van harte geluk wens.

VERJAARDAGKETING

27 Jan.: Cornelius F. Erasmus, Merweville; Martha Wentzel, Bellville; Mathys van Niekerk, Wellington.

28 Jan.: Pieter Koen, George; Hercules Bothma, Beaufort-Wes; Aletta J. Ungerer, Kirkwood; Aletta Peens, Worcester.

29 Jan.: Gerrit van Wyk, Sutherland; Willem P. Burger, Brandvlei; Hennie Laubscher, Malmesbury.

30 Jan.: Jannie van Schoor, Wellington; Gerta A. Cloete, Loxton.

31 Jan.: Willem J. Hanekom, Paarl; Fanie Meyer, Ruytersbosch; Willem H. Byleveld, Anghrabies.

1 Feb.: Magriet Nortje, Beaufort-Wes; Catharina Smit, Port Elizabeth; Gerhardus M. Oberholzer, Vryburg.

2 Feb.: Rona Liebenberg, Paarl; Susarah Matthee, Bellville; Stephanus P. Fourie, Vryburg.

Oorlogspropaganda

In 'n tyd soos hierdie met daaglikse stories van gruweldade aan die orde van die dag, moet 'n mens die saak met koele oordeel bekyk en veral onthou wat die verlede hiervan leer. Goeie inligting hieroor is te vind in 'n boek van 'n Amerikaner, prof. Lasswell, van die Universiteit van Chicago, oor Oorlogspropaganda in die Wêreldoorlog 1914-1918. 'n Paar interessante opmerkings en gegewens daarin vervat is o.a. die volgende:

Gruwelstories

Sekere stories het 'n lang dienstyl. In begin 1914 is die verhaaltjie vertel van 'n onskuldige knapie wat 'n houtgeweertjie op die invallende Duitse troepe gerig het. Hiervoor is hy onmiddellik doodgeskiet. Veertig jaar tevore in die Frans-Pruisiese oorlog het die arme oudjie dieselfde ding oor-gekom.

'n Sekere storie van Turkse wreedheid het al deur die eeue gekom, nl. van 'n vat vol mens-oë wat ontdek is op 'n plek waar Turkse generaals ligte vermaak wou hê met hul prisoners.

Klem moet sterk gelê word op die verwonding van vroue, kinders, ou mense, priesters en nonne, seksuele wandade, verminkte gevangenes, en dies meer.

Oorlogskuld

Die Vansittartisme van vandag, wat die Duitsers as volk beskuldig van oorlogsgugtigheid, herinner aan „bewysstukke” destyds gebruik om die mensdom te oortug dat Duitsers die wreedaarde van die geskiedenis was. 'n Franse professor het geskryf: „Nie een van ons militêre skrywers het die leerstuk van 'n gruweloorlog verkon- dig nie.” Na die oorlog het eerlikheid die oorhand gekry en is verwys na 'n Franse offisier wat gesê het: „Jaag skrik aan; en om skrikaanjaend te wees, vernietig. Jy gaan met die plan om dood te maak, jy skiet om dood te maak, jy spring na die keel van jou vyand slegs om dood te maak, en jy maak dood tot daar niks oorbly om dood te maak nie.”

Vergete in oorlogstyd was ook die woorde van die Amerikaanse generaal Sheridan, wat beweer het dat na mokerhoue teen die leërs van die vyand die regte weg is om „die inwoners soveel leed aan te doen dat hulle na vrede moet smag; en hulle regering te dwing om dit te maak. Die mense moet niks oorhou as slegs hul oë om die oorlog te beween nie.”

Tog het Rudyard Kipling geskryf: „. . . daar is alleen twee verdelings in die hedendaagse wêreld — tussen menslike wesens en Duitsers.”

Bewyse

Van die mees oortuigende gruwelstories is versprei met die bewyskrag

van 'n „neutrale” bron om dit te staaf, of met die hulp van 'n internasionale kommissie van hoogaangeskrewe persone. 'n Klompie gewillige teo- loë is dan byderhand om alles te reg- verdig wat in weerwraak gedoen word, of 'n handige digter skreeu soos Swin- burne in die Anglo-Boere-Oorlog, toe hy verneem van die groot sterfte van vroue en kinders in die konsentrasie- kampe, dat dit tog maar is „die telge en wywe van moorddadige vyande.”

Met 'n duisend variasies gaan koer- tante en romanskrywers en kerkvaders en digters in geleerde en minder-ge- leerde taal in al die vorme van letter- kunde en wetenskap, dan voort op die een tema: die satanisme van die vyand, die engelagtigheid van die vaderland.

In hierdie dae van oorlog kan 'n mens die lesse uit die vorige oorlog onthou en waarskynlik ook toepas.

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

Terme uiters billik.

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

PAS VERSKYN

Menslike Physiologie (Deel I.)

deur

H. E. Brink, D.Sc. (Stell.).

553 blss. 116 teksfigure. Prys 20/- (Posgeld 9d.)

'n Standaard handboek vir mediese studente, B.Sc.-studente, stu- dente aan Opleidingskolleges en onderwysers van Physiologie aan Hoërskole.

Weens papierskaarste is slegs 'n beperkte aantal eksemplare van hierdie baie waardevolle handboek verkrygbaar.

Plaas dus dadelik u bestelling by u plaaslike boekwinkel of direk by die uitgewers:

Pro Ecclesia-Drukkery

Die Laan Stellenbosch

£100,000

in aandeel is se- dert Maart laas- lede deur lede van die publiek onder- skryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finan- siële state weer- spieël groot win- ste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabriek of vra om inligting op die vorm hieronder.

Organisasiekantore:— Johannesburg: Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. Kaapstad: Kamer 614, Grootte Kerkgebou. Bloemfontein: St. Andrewstraat 123. Port Elizabeth: Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk., Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief besonderhede van u aandeel aan:—

M.....
.....
(O.B., 26 Jan. 1944)



Geklassifiseerde Advertensies

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Handelsadvertensies: 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Persoonlike Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike verspreid...

INTEKENGELD. (Streng vooruitbetaalbaar). Deur Kommando: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.

GEBOORTE

COETZEE. — Aan Sersant en Sersante W. D. Coetzee, Boons, 'n fris O.B.-seun, 27 November 1943.

LOUW. — Aan oud-Kommandant en oud-Kommandante S. Louw van Gembokspruit, P.K. Verena.

VISSER. — Aan mnr. en mev. Ben Visser, Eleazerstraat 13, Regentpark, Johannesburg.

HUWELIK

BESTER — BARNARD. — Die huwelik van Mienie Barnard van George en Johannes Bester van Durban.

VAN DEN BERG — EKSTEEN. — Hiermee wens ons twee Asst.-veldkornette Lily van den Berg en Veldkornet J. J. Eksteen van Kaapstad.

DOODBERIGTE

CROUS. — Oorlede op 2 Januarie, na 'n jaarlange lyding, Margaret, geb. Alcock, geliefde eggenote van Daniel Crous van Rooipoort.

HESLINGA. — In Christus ontslap op 4 Januarie 1944 en begrawe te Hartbeestfontein, dist. Pretoria.

IN MEMORIAM

LORENZEN. — Met harte wat brand van verlange dank ons terug aan die 17de Januarie 1942.

BRANDWAGTE. — As u Johannesburg besoek of daar woon, ondersteun Excelsior Haarsnyers.

PERSONLIK

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID. — Vendusies word enige tyd op enige plek gereël.

BRANDWAGTE. — Aan al ons lewe vriende word die beste toegewens vir die jaar wat voor ons is.

BETREKING

BENODIG 'n flukse ongetroude Afrikaner om behulpsaam te wees gedurende parstyd.

BENODIG

PLAASVOORMAN. — Moet kennis hê van saaiery, plaasmasjinerie en melkery.

TE KOOP

HANSMOESKRAAL Saadaartappel-Kwekersvereniging bied „Arran Chief“-moere.

USERN te koop. — Mede-Boere, koop nou u usern regstreeks van die kweker.

UIESAAD. — Sorg vroegtijdig vir goeie saad van ronde harde geelbruin uie.

TE KOOP

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 B 50 pond 10/-; 26 pond 6/6.

Reedpleeg Benade vir die koop van verkoop van buite, platte en plase in Bloemfontein.

PLAAS TE KOOP. — Eersteklas, van die beste, veeplaas, 742 morges.

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming?

SPELSKEIE van goeie hout. Bottelskeie teen 3/9; vierkantige-koppe teen 4/6.

WANGANELLA RAMME. — Opregteerde Wanganelle Ramme verkrygbaar vanaf 1 April 1944.

DIREK VAN FABRIEK AAN BOER

Kapkartuie 19. Swaar 12; Enkel Kartuig 18; Muilnie 15; Donkietuie 16.

K.M.B. Onmiddellike aflewering op ontvangs van Bestellings.

Volkskoper Mark Bepert, Wolhuterstraat 62, Newtown, JOHANNESBURG.

Die Volksalmanak Vir 1944

Versier met pragtige Voortrekker-skildery Slegs 1/6 elk Oplag beperk.

Bestel van: A. P. DU TOIT ATELJEES Posbus 156 Pretoria.

Waarde vir geld Kommando sigarette. Advertisement for 'Kommando' cigarettes, featuring an illustration of a pack and a hand holding a cigarette.

O.B.-NOODHULPFONDS

GEBIED A

(25 Okt. tot 25 Des. 1943)

Kommando A: 10a f3-12-0; 1c1 15/6; 3c6 offergeld f3; J. F. Pouché, Napier 19/-; 11a6 f13-3-6; Weeklikse bydrae Veldskoening...

GEBIED B

(Nov. tot Des.)

Kommando B: Venterstad-Knaapdaar 1c2 f4; Venterstad-Knaapdaar 1c2 en 1c7 f4-10-0; Mev. H. v. d. Merwe, Grootfontein f1; Joubertina 5c1 en 5c6 f1-11-1; W. P. v. d. Merwe, Cradock f1-6-0; Adelaide 3b6 f7-10-0; Somers-Oos 3a2 f10-5-0; Kirkwood 6a7 f2; Dordrecht 3a1 en a6 f1-1-0; Mnr. en mev. C. Els, Cradock 1a1 f1. Totaal f30-3-1.

GEBIED C

(November)

Kommando C: 1a7 f4-12-6; 1a9 11/6; 1b6 f1-2-6; 1b7 f1-10-0; 1b8 f2-12-6; 2a1 en 2a6 f2-6-0; 2a2 f4-15-0; 2b6 19/-; 2c2 en 2c7 f23-4-9; 3b1 f10; 3c8 f1; 4a7 f2; 4b7 f1-6-0; 4c2 en 4c7 f12; 4c7 f1-15-0; 5a6 f14-3-6; 5b3 f2-10-0; 5b6 f9-2-6; 5c f5; 5d1 en 5d6 f7-7-0; 6a2 en 6a7 f4-13-1; 6b1 f4-15-5; 6b7 f2-12-3; 6c f3-4-8; 7a2 f4-12-0; 7a3 f2-6-0; 7a6 f7-10-0; 7a7 f2-12-6; 7b1 f5-4-0; 7d2 en 7d6 f3-12-5; 7e2 f10; 8a1, 8a2, 8a6 en 8a7 f3; 8a7 f2; 8b6 f1-10-6; 8b8 f2; 8c1 en 8c6 f3-19-9; 8c7 f1; 9a8 f5-3-0; 9b1 f2-7-6; 9c7 5/-; 9c8 18/6; 9d8 f5-10-6; 10a7 f3-11-0; 10b6 15/-; 11 f50-4-7; Hoofkwartier 9/-; P. J. Swanepoel (Afrikaanerbud geskenk) f25; Dr. A. J. Groenewald Bloemfontein f2; Twee Vriendinne, Bloemfontein f2; H/Komde. mev. H. v. d. Merwe f1; Gebiedsh/genl. Gebied C f1; Belangstellendes 10/-; H. H. Waterson 10/-; Mev. van Zyl Bloemfontein 10/-; Mev. P. Steyn Bethlehem f3-10-0. Totaal f277-1-5.

GEBIED E

(26 Okt. tot 25 Des. 1943)

Kommando E: 1b1 f2-10-0; 1b2 f26-18-6; 1b7 f4-18-8; 1b8 12/-; 1c3 f7-2-0; 1c7 f7-11-5; 1c8 f4-10-0; 2a2 f13-19-2; 2a3 f3-0-6; 2a6 f3-3-6; 2a8 f4-2-6; 2b6 f6-15-0; 3a1 f3-15-0; 3a3 f3-17-6; 3b1 f1-10-6; 3c2 f22-12-6; 3c6 f5-3-0; 3c7 f24-19-0; 3c8 f2-16-6; 4a1 f13-2-0; 4a4 f7-7-7; 4b6 f1; 4b7 f2; 4c8 f6-6-0; 4c3 f5-10-0; 5a2 f7-10-6; 5a3 f5-14-0; 5a6 f10-11-0; 5b1 f8-10-6; 5b3 f2-9-3; 5b6 f7-1-6; 5c1 f25-3-6; 5c3 f21-9-0; 5c6 f4-17-6; 5c8 f3-1-1; 6a2 f18-15-3; 6a6 f6-5-0; 6a7 f3-6-0; 6a8 f1-13-0; 6b2 f3-0-6; 6b3 f6-5-0; 6b6 f6-4-0; 6b7 f8-2-9; 6c7 f5; 7c2 f13; 7c7 f13; 10c6 f5-16-6; 10c7 f1-7-0; Vroue-Offisiersraad f6-1-8; Bydrae f5-15-0; 5c2 f16-13-6; 1a6 f5-5-0; 1a8 f2; 1b8 f1-3-0; 1c7 f22-5-6; 2a1 f4-2-6; 2a2 f12-1-1; 2a8 f4-11-0; 2b1 f3-3-6; 2b2 f4-8-9; 2b3 f3-15-0; 2b7 f2-14-0; 3a3 f4-8-6; 3b3 f1-13-0; 3b6 f3-17-0; 3c1 f1-2-0; 3c7 f9-17-9; 3c8 f1-19-6; 5a1 f6-9-6; 5a2 f14-13-6; 5a6 f21-10-0; 5a7 f5-8-9; 5b1 f1-1-0; 5b2 f21-10-7; 5b6 f11-8-0; 5b7 f15-1-3; 5b8 f13-14-0; 5c1 f3-0-2; 5c2 f38-6-8; 5c3 f38-6-8; 5c6 f38-6-8; 5c7 f41-11-8; 5c8 f38-6-8; 6a8 f2-14-0; 6b1 f15; 6b2 f1-3-0; 6b3 f2-16-0; 6b7 f8-3-3; 6c6 f3-15-1; 7b2 f1-10-0; 7b7 f1-10-0; 8a1 f7-11-6; 8a2 f1-12-6; 8a7 f6-8-0; 9a1 f22-11-6; 9a7 14/-; 9b3 f1-13-6; 10c7 f3-5-0; 10c8 f30; Bydrae f12-6-6. Totaal: f1,001-14-6.

GEBIED F

(November 1943)

Kommando F: 1a4 f13-3-0; 2b2 f5-6-3; 2b3 f1-15-0; 2b7 f2-6-11; 3b7 f6; 3c7 f16; 4a1 f2-10-0; 4a3 f2; 4a8 10/-; 4b8 f5-0-6; 4b9 f3-2-6; 4c1 f8-15-3; 4c2 2/9; 4c2 f3-11-2; 4c3 f5-16-0; 4c6 f32-13-9; 5a3 f11-19-8; 5a2 f11-16-0; 5c3 f17-3-9; Sersantskappe Spitzkop f15-3-4. Mnr. J. van Rensburg f10; S.A. Nasionale Sosiaalhistiese Bond (Gryshemde) f3-11-3; Mej. J. Kruger f2-16-6; Mev. Baker f2. Totaal: f286-3-7.

BOEREJUG-NOODHULPFONDS

JF4b4 10/-; 1JF2 f12; Daantjie en Anhertje Nieuwenhuis (Gebied E) f1; Lina en Louisa Stevens (Gebied F) f1; C. Botes, Wynberg 9/-; C. Malherbe Vryburg 2/-; JA3c2 en JA3c1 f5; N. Loubser, Qarmer, Wynberg 5/8; JA3b7 f5; JA3a6 f15; Oudtschoorn-Boerejugg f3-6-3; M. A. en S. Nortje (Gebied A) 4/-; Totaal: f43-16-11. Groot-totaal: f137-3-1.

WYLE KOMDT. MEYBURGH

Komdt. J. C. Meyburgh van die Colesberg-kommando B1b1, wat op 29 Desember 1943 oorlede is, was die eerste O.B.-kommandant wat indertyd in Kaapland aangestel is.

TOT U DIENS!!

Reeds vir 2 jaar is ons besig om ons naam in Kaapstad bekend te maak. Nou is dit ons aangenaam om ons aan platelandse lesers en onbekende vriende bekend te stel.

ONS BIED U MEUBELS

vanaf u kombuis tot by u slaapkamer. Enige spesiale ontwerp in ons fabriek onder persoonlike toesig gemaak. Stinkhout-meubels 'n spesialiteit en aangebied teen fabrieksprijs

MEYER en FERREIRA

Laer Hoofweg 287 OBSERVATORY

Schoemanello Drank....

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

Table listing various drinks and their prices. Columns include drink names like WYNE, FINE BOTTEL, and prices in different currencies.

Voeg by 5/- vir kisse en bottels, en 12/9 vir vaattjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers sekkant ons voorraade van die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 6-gelagvaattjies of groter. U kisse van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat.

Bestel van JURGENS SCHOEMAN, POSBUS 142, OUDTSHOORN.

MARKAGENTSAP

Vroeë More-Mark KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELIK, WEEKLIKS, MAANDELIK OF SOOS VERLANG.

RENTS SPRESENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eklaar: GUSTAV RETIEF. Telefoon 2-6312.